

DIE INVLOED VAN DIE STERK RAND OP KORING

DEUR


DR PHILIP THEUNISSEN

www.computus.info

Die produsentepryse van die boer se produkte word in 'n meerdere of mindere mate deur die Rand se wisselkoers teenoor ander geldeenhede beïnvloed. Sekere pryse, soos dié van aartappels, word nie deur die wisselkoers beïnvloed nie. Ander, soos dié van koring, droë bone en sonneblom, word direk deur die Rand se wisselkoers beïnvloed omdat hierdie kommoditeite ingevoer word indien dit goedkoper in Suid-Afrikaanse hawens geland kan word as wat die plaaslike pryse is. Die prys wat die boer vir sulke produkte ontvang is gevolglik direk aan die invoerpariteitsprys van hierdie produkte gekoppel.

Koringprys

Suid-Afrika is vir 'n hele aantal jare reeds 'n netto invoerder van koring omdat daar nie genoeg plaaslik geproduseer word nie. Koring was vir hierdie tydperk ook redelik vrylik in die buiteland beskikbaar vanuit Noord- en Suid-Amerika en ook Asië. Die gevolg is dat die plaaslike prys op invoerpariteit gebaseer word. Die Rand se wisselkoers en nie binnelandse aanbod nie, het dus 'n direkte invloed op die prys wat boere vir hulle koring ontvang. Dit beteken dat die prys wat die boer vir 'n ton koring ontvang nie verband hou met die opbrengs wat hy en sy medeboere stroop nie, soos in Figuur 1 getoon word.




Gedurende die tydperk van 2000 tot 2002 het koringboere in die Oos-Vrystaat gemiddeld 2,8 ton per ha gestroop. Die koringprys het vir dieselfde periode van R895 per ton tot R1318 per ton gestyg. Toe die

oprings daarna eers tot 2 ton per ha in 2003 en toe tot 1,4 ton per ha in 2004 daal, het die koringprys 'n geringe styging tot R1,479 per ton in 2003 en R1,527 per ton in 2004 getoon. Die vrye markbeginsel van hoër aanbod/laer prys of laer aanbod/hoër prys het dus nie vir koringboere gegeld nie omdat die swak Rand invoere ontmoedig het tydens 2000 tot 2002 en die sterk Rand invoere bevoordeel het tydens 2003 en 2004. Die feit dat die Rand swak was toe daar 'n groot koringoes was en sterk was toe daar 'n klein koringoes was, is bloot toevallig en beteken nie dat die wisselkoers altyd op hierdie wyse met koringoes korreleer nie.

Invloed op insette


Sekere boerdery-uitgawes word plaaslik gegeneer of vervaardig en die Rand se wisselkoers het dus min of geen invloed op hierdie uitgawes. Voorbeelde hiervan is saadkoste, arbeidskoste, verpakkingskoste en rente. Ander uitgawes soos bemestingskoste, plaag- en onkruidbeheer, reparasiekoste en brandstofkoste word weer direk deur die Rand se wisselkoers beïnvloed omdat hierdie insette, of komponente daarvan, ingevoer word. Oesversekering, wat in die buiteland herverseker word, is ook aan die Rand se wisselkoers onderhewig. Figuur 2 toon die styging van die koringprys teenoor koringboere se besteding aan die vernaamste wisselkoersgekoppelde insette, naamlik bemesting en reparasies en brandstof.



Volgens Figuur 2 het die koringprys vanaf 1998 op 'n indeksbasis tot 184% toegeneem terwyl bemesting tot 202% en reparasies & brandstof tot 215% toegeneem het. Selfs gedurende die tydperk van 2000 tot 2002, toe die Rand baie verswak het, het ingevoerde insetpryse skerper gestyg as wat die koringprys gestyg het. Die swak Rand het die boer se produsenteprys dus nie in dieselfde mate bevoordeel as wat die styging in insetpryse hom benadeel het nie. Daarby het stygings in insetpryse ook nie in dieselfde mate as stygings in die koringprys verlangsaam nie toe die Rand sedert 2003 weer begin verstewiging het.

Mededingendheid

Soos reeds genoem, is sekere van die boer se insetpryse aan die wisselkoers gekoppel terwyl veral die pryse van plaaslik vervaardigde insette nie daardeur beïnvloed word nie. Die mededingendheid van koring, naamlik die vermoë van koringinkomste om koringuitgawes te dek, is eers bevoordeel deur die swak Rand in 2000 tot 2002 waarna dit aansienlik benadeel is toe die Rand weer daarna verstewig het. Die mededingendheid van koring word in Figuur 3 aangetoon.



Voor die dramatiese verswakking van die Rand in 2000, was die inkomste uit koring (prys x opbrengs) net voedoende om sy eie uitgawes te dek. In 2001 en 2002 het die hoë opbrengs, saam met 'n goeie prys, tot gevolg gehad dat koring se mededingendheid positief was met 59 persentasiepunte in 2001 en 72 persentasiepunte in 2002. In 2003 het koring se inkomste met 42 persentasiepunte gedaal terwyl die uitgawes met 19 persentasiepunte gestyg het. In 2004 was koring se mededingendheid 'n negatief van 29 persentasiepunte gewees omdat koringinkomste nogmaals met 46 persentasiepunte gedaal het terwyl uitgawes slegs met 5 persentasiepunte gedaal het.

Beskerming vir die boer

Daar bestaan 'n invoertarief vir koring wat die boer se plaaslike prys teen lae ingevoerde pryse moet beskerm. Hierdie tarief is in die eerste plek onnodig ingewikkeld en bied in die tweede plek slegs beskerming teen lae internasionale pryse terwyl dit geen beskerming teen die wisselkoers bied nie. Die invoerpariteitsprys van koring word deur die internasionale prys sowel as die wisselkoers van die Rand bepaal. Op die oomblik is die sterk Rand se invloed groter as die lae internasionale prys. Die resultaat van die koringtarief is gevolglik tans R18.67 tot die boer se voordeel op die invoerpariteitsprys van R1,558.52 per ton vir VSA "hard red wheat" in Randfontein gelewer. Dit beteken 'n verhoging van 1,2% op die plaaslike prys terwyl koring se mededingendheid vir 2004 se oes 'n negatief van 29 persentasiepunte was. Die beskerming wat die koringtarief onder huidige omstandighede bied is dus uiters gering.

Gevolgtrekking

Die versterking van die Rand sedert 2003 het 'n dalende invloed op koringpryse gehad omdat die invoerpariteitsprys, waarop die plaaslike prys gebaseer word, deur die wisselkoers afgedwing is. Daar teenoor het die versterkende Rand nie dieselfde invloed op insetpryse uitgeoefen nie. Die uitwerking daarvan was dat koring, veral in 2004, sy mededingendheid verloor het. Dit raak al moeiliker om winsgewend met koring te boer en die vermoë van die boer om sy skuldvas te diens lei uiteindelik daaronder. 'n Sterk Rand is dus nie wenslik vir koring nie. Daar moet ingedagte gehou word dat 'n swak Rand inderdaad ook 'n negatiewe invloed op insetpryse het maar die historiese syfers toon aan dat die inkomstevoordele vir die koringboer hoër is as die verhoging in wisselkoersgekoppelde uitgawes se pryse.

BETHLEHEM
Augustus 2004